| | |
|---|---|
| Verslagwaardig: | JA / NEE |
| Sirkuleer Aan Regters: | JA / NEE |
| Sirkuleer na Streeklanddroste | JA / NEE |
| Sirkuleer Aan Landdroste: | JA / NEE |

# IN DIE NOORD-KAAP HOË HOF, KIMBERLEY

| | |
|---|---|
| Saakno: / Case number: | **1194 / 2012** |
| Datum verhoor: / Date heard: | **24 / 05 / 2013** |
| Datum gelewer: / Date delivered: | **07 / 06 / 2013** |

In die aansoek van:

**KARST GERRIT SMITS** **APPLIKANT / VERWEERDER**

teen

**ABSA BANK BEPERK** **RESPONDENT / EISER**

*Coram*: Erasmus WnR

## UITSPRAAK

***ERASMUS WnR***

1. Die applikant het op 12 April 2012 ‘n dringende aansoek geloods vir

   1.1 die tersydestelling van ‘n verstekvonnis en lasbrief vir eksekusie, en

   1.2 kondonasie vir die laat bring van hierdie aansoek indien die

hof bevind dat die applikant voor 21 Oktober 2011 bewus moes wees van die vonnis.

2. Die applikant vra dat koste koste in die geding sal wees, behalwe indien die respondent die aansoek sou opponeer en in welke geval gevra sal word dat die respondent die koste van die aansoek betaal.

3. Dit blyk nie duidelik uit die stukke wat die regsbasis is waarop die aansoek om tersydestelling geloods is nie. Gegewe die feit dat die vonnis by verstek verleen is deur die griffier van hierdie hof waar geen kennis gegee is van voorneme om te verdedig nie, aanvaar ek dat die aansoek in terme van reël 31(2)(b) van die Eenvormige Hofreëls gebring word. Die aansoek moes dus gebring gewees het binne 20 dae nadat die applikant bewus geraak het van die vonnis. Dit beteken dat die aansoek uitgereik en beteken moes gewees het binne die 20 dae tydperk.[1]

4. Die vonnis en lasbrief vir eksekusie is deur die griffier van toegestaan op 19 September 2011. Die aansoek van die applikant is uitgereik en beteken op 12 April 2012.

5. Hierdie hof beskik oor ‘n wye diskresie om enige nie-nakoming van die Eenvormige Hofreëls te kondoneer.[2] Die verlening van kondonasie is onderhewig daaraan dat die applikant goeie rede (‘good cause’) aantoon vir die nie-nakoming van die betrokke reël en dat die ander party nie benadeel sal word indien kondonasie

1 Tladi v Guardian National Insurance Co Ltd 1992(1) SA 76 (T) op 80B
2 Mynhardt v Mynhardt 1986(1) SA 456 (T) op 463G

verleen word nie.[3] Om sodanige goeie rede aan te toon moet die applikant 'n bevredigende verduideliking vir die vertraging/nie-nakoming verskaf, sy aansoek *bona fide* wees en nie daarop gerig is om die verrigtinge te vertraag nie en verder, dat hy 'n *bona fide* verweer, gebaseer op feite wat as dit tydens die verhoor bewys word, 'n verweer op die respondent/eiser se eis daarstel. Verder moet die applikant aantoon dat die respondent nie benadeel sal word in so 'n mate wat nie vergoed kan word deur 'n gepaste kostebevel nie.[4]

6. Ter ondersteuning van die aansoek om kondonasie voer die applikant aan dat hy op 21 Oktober 2011 verneem het van die lasbrief vir eksekusie. Die applikant se prokureur het op 9 November 2011 afskrifte van die inhoud van die hoflêer ontvang en dus, op die beste vir die applikant, is toe vasgestel dat vonnis reeds verleen is. Die funderende eedsverklaring van die applikant is beëdig op 20 November 2011, maar die aansoek is eers uitgereik op 12 April 2012. Die rede waarom die applikant slegs vra vir kondonasie indien bevind word dat hy voor 21 Oktober 2011 bewus was van die vonnis blyk nie uit die stukke nie. Selfs al sou aanvaar word dat die applikant op 21 Oktober 2011 bewus geraak het van die vonnis, is sy aansoek om tersydestelling bykans 6 maande later geloods.

7. Die respondent voer aan dat die applikant nie 'n bevredigende verduideliking verskaf het vir sy versuim om binne 20 dae aansoek te doen het vir die tersydestelling van die vonnis nie en dat

---

3 Federated Employers Fire and General Insurance Co Ltd v McKenzie 1969(3) SA 360 (A) op 362-363
4 Smith NO v Brummer NO 1954(3) SA 352 (O) op 357H-358C

kondonasie nie verleen behoort te word nie.

8. Die applikant verskaf geen verduideliking vir die vertraging tussen November 2011 tot en met 12 April 2012, synde die datum waarop die aansoek geloods is. Ek bevind gevolglik dat die applikant nie 'n aanvaarbare verduideliking verskaf het waarom daar nie aan die tydperke, voorgeskryf in reël 31(2)(b), voldoen is nie.

9. Waar daar 'n growwe verontagsaming van die reëls is, behoort 'n hof onwillig te wees om kondonasie te verleen, ongeag die vooruitsigte op sukses in die aksie.[5] 'n Goeie verweer op die eis kan egter in sekere omstandighede vergoed vir 'n swak verduideliking.[6] Dit is derhalwe ook nodig om die applikant se vooruitsigte op sukses in die aansoek om tersydestelling te oorweeg.

10. Ten einde te slaag met 'n aansoek om tersydestelling van 'n vonnis in terme van reël 31(2)(b) moet die applikant ook goeie gronde ('good cause') aantoon vir sy versuim om die aksie te verdedig. Dit sluit in dat hy moet aantoon dat hy nie doelbewus die hofproses verontagsaam het nie. Die ander vereistes is soortgelyk aan wat vereis word by 'n aansoek om kondonasie.[7]

11. Die applikant voer aan dat hy nie die aksie verdedig het nie omdat hy nie bewus was van die dagvaarding nie. Na ontvangs van die

---

5 Darries v Sheriff, Magistrate's Court, Wynberg 1998 (3) SA 34 (SCA) op 41D; Tshivhase Royal Council v Tshivhase; Tshivhase v Tshivhase 1992 (4) SA 852 (A) op 859E–F

6 Carolus and Another v Saambou Bank Ltd 2002(6) SA 346 (SE) op 349D-F

7 Molehane v Tuzi Trade CC and Another (59/2008) [2008] ZANCHC 49 (6 June 2008) ; Silber v Ozen Wholesalers (Pty) Ltd 1954(2) SA 345 (A) op 352; Kouligas & Spanoudis Prop (Pty) Ltd v Boland Bank Bpk 1987(2) SA 414 (O);

hoflêer het hy vasgestel dat die dagvaarding beteken is by 'n adres wat sy woonadres was ten tye van die aangaan van die kredietooreenkoms met die respondent. Hy en sy eggenote is egter reeds vir meer as vier jaar by 'n ander adres woonagtig.

12. Die applikant beweer dat die respondent bewus was van sy nuwe adres aangesien sy eggenote by vyf geleenthede die adres by die respondent gaan verander het omdat die respondent telkens die state na die ou adres gestuur het. Sy eggenote bevestig sy verklaring in hierdie verband. Die respondent het ook 'n staat na sy nuwe adres gestuur. Die respondent beweer egter dat hierdie staat in 2009 afgestuur is en dit betrekking het op 'n ander ooreenkoms. Die respondent wys daarop dat die applikant se eggenote nie verklaar wanneer en hoe sy die respondent in kennis gestel het van die verandering van die gekose *domicilium*-adres nie.

13. In terme van die ooreenkoms moes die adres skriftelik, by wyse van versending per geregistreerde pos, verander gewees het. Daar is geen sodanige bewys in die applikant se stukke nie. Die adres is dus nooit verander ooreenkomstig die terme van die ooreenkoms tussen die partye nie. Die respondent voer verder aan dat alle korrespondensie na die gekose *domicilium citandi et executandi* gestuur is en dat die dagvaarding daar beteken is, soos wat die respondent uit hoofde van die ooreenkoms geregtig was om te doen.

14. As dit in die guns van die applikant aanvaar word dat hy nie die dagvaarding ontvang het nie en dus nie doelbewus die

dagvaarding verontagsaam het en nie die aksie verdedig het nie, moet die applikant steeds aantoon dat sy aansoek om tersydestelling *bona fide* gebring word en nie net om die eiser se eis te vertraag nie en dat hy 'n *bona fide* verweer op die respondent/eiser se eis het.[8]

15. Onder die opskrif 'VERWEER' handel die applikant met sy finansiële probleme en meld dat hy sedert begin 2010 nie die normale maandelikse paaiemente kon bekostig nie. Hy het sy prokureur en skuldberader, Jean-Pierre Jordaan, van Jordaan Debt Counselling en Jordaan Prokureurs gaan sien. Die aansoek om skuldberading is aanvaar en die applikant se skuldeisers is in kennis gestel. Die respondent het aan hierdie proses deelgeneem deur 'n sertifikaat van balans aan Jordaan te stuur. Die aangeleentheid kon nie geskik word nie en 'n aansoek om skuldhersiening is op 4 November 2010 in terme van artikel 86(7), 86(8) en gelees met 87 van die Nasionale Kredietwet, No 34 van 2005 (hierna 'die Wet') by die Landdros Kuruman geloods onder saaknommer 1421/2010. Volgens die applikant se funderende eedsverklaring is hierdie aansoek steeds hangend.

16. Die applikant voer verder aan dat sy paaiement wat vasgestel is in terme van die herstruktureringsproses op datum is en dat hy nog nooit deur die respondent in kennis gestel is van agterstallige bedrae nie.

17. Die respondent beweer die skuldhersieningsproses is beëindig in terme van artikel 86(10) van die Wet, deur middel van 'n skrywe

8 Brangus Ranching (Pty) Ltd v Plaaskem (Pty) Ltd 2011(3) SA 477 (KZP); Standard Bank of SA Ltd V El-Naddaf 1999(4) SA 779 (W) op 784

gedateer 1 Oktober 2010 wat per geregistreerde pos gestuur is aan die applikant se gekose *domicilium citandi et executandi,* aan die skuldberadingsagentskap en aan die Nasionale Kredietreguleerder. Die applikant was toe reeds ongeveer R15 000.00 agterstallig en vir meer as 60 dae in versuim, na datum van verwysing van die aangeleentheid vir skuldberading. Die respondent voer aan dat hy dus geregtig was om die skuldberadingsproses te kanselleer. Die respondent beweer ook dat die aansoek om skuldhersiening aan die Landdros, Kuruman gestuur is in November 2010, nadat die respondent in terme van artikel 86(10) die skuldberadingsproses getermineer het.

18. Die applikant beweer die kansellasie was nie regsgeldiglik gedoen nie en ontken ook dat hy sodanige skrywe ontvang het. Hy voer aan dat geen geregistreerde posstroke aangeheg is tot die dagvaarding ter bewys daarvan dat die kennisgewing aan die skuldberader of die Nasionale Kredietreguleerder gestuur is nie. Jean-Pierre Jordaan bevestig die applikant se bewerings vir sover dit op hom betrekking het. Hy bevestig ook dat hy geen kennisgewing in terme van artikel 86(10) ontvang het nie en dat die skuldhersieningsproses nie regsgeldiglik getermineer is nie. Hierdie stawende eedsverklaring is beëdig op 5 Desember 2011.

19. Die applikant beweer verder ook dat die skrywe in terme van artikel 129(1) van die Wet en wat aangeheg is tot die dagvaarding, nie geldig is nie aangesien die ooreenkoms tussen hom en die respondent onderhewig is aan ‘n geldige herstruktureringsproses. Hy voer ook aan dat gemelde kennisgewing nie na sy regte adres gestuur is nie. Hy beweer dat, indien hy behoorlik aangemaan was

met die korrekte agterstallige bedrag, hy dadelik reëlings sou getref het aangesien hy dit nie kan bekostig om sy voertuig te verloor nie.

20. Dit is die respondent se saak dat die kennisgewing in terme van artikel 129(1) van die Wet op 6 Julie 2011 per geregistreerde pos gestuur is na die applikant se gekose *domicilium citandi et executandi* gestuur, voordat aksie ingestel is. Die respondent se prokureurs het toe vir die eerste keer op rekord gekom. Die applikant het op 18 Julie 2011 gemelde prokureurs gekontak en aangedui dat hy die agterstallige bedrag voor einde Julie 2011 sou betaal. Die respondent voer aan dat dit daarop dui dat die applikant wel die kennisgewing in terme van artikel 129 van die Wet ontvang het. As dit nie die geval was nie, sou hy nie geweet het wie die prokureurs was en hulle gekontak het nie.

21. Die applikant het nie die agterstallige bedrag betaal nie en die respondent het voortgegaan om dagvaarding uit te reik. Applikant het weer die respondent se prokureur geskakel op 14 September 2011 en aangedui dat hy die volle uitstaande bedrag sou betaal. Die respondent voer aan dat dit ook aanduidend was van die feit dat die applikant bewus was van die aksie. Die belofte om die agterstallige bedrag te betaal is weereensnie nagekom nie en vonnis is geneem op 19 September 2011.

22. Op 17 Oktober 2011, nadat vonnis geneem is, het die applikant weer die kantore van die respondent se prokureur geskakel. Applikant het hulle meegedeel dat hy onder skuldberading en hy het sy nuwe adres verskaf.

23. In sy repliserende eedsverklaring, wat op 23 Januarie 2013 geliasseer is, voer die applikant aan dat daar nie met die hofaansoek onder saaknommer 1421/2011 (in funderende eedsverklaring na verwys as saaknommer 1421/2010) voortgegaan is in die landdroshof te Kuruman nie aangesien die oorspronklike stukke verlore geraak het. Die aansoek is weer uitgereik onder saaknommer 366/2012 en op die respondent beteken op 2 November 2011. Uit die aanhangsel waarna verwys word in die repliserende eedsverklaring blyk dit dat die aansoek onder saaknommer 366/2012 eers uitgereik is deur die klerk van die hof te Kuruman op 5 April 2012. Volgens die applikant het die respondent nie die aansoek opponeer nie. Die beweerde bewys van betekening op die respondent, na verwys as aanhangsel 'KGS14' in die verklaring, is nie aangeheg tot die eedsverklaring nie. Geen nuwe verwysing ten aansien van 'n nuwe skuldberadingsproses is aan die respondent gestuur nie. Die hofbevel is eers toegestaan op 26 April 2012, lank nadat die vonnis deur griffier verleen is.

24. Die applikant volstaan in sy repliserende eedsverklaring met sy ontkenning dat hy nie kennisgewing in terme van artikel 129 van die Wet ontvang het nie. Hy verwys na 'n dokument, aanhangsel 'KGS17', wat sou aantoon dat die posstuk teruggestuur is aan die respondent se prokureurs. Hierdie dokument is onleesbaar. Wat wel sigbaar is, is dat 'n pakkie/dokument afgestuur is uit Kimberley op 9 Julie 2011 en by Kuruman poskantoor ontvang is op 24 Augustus 2012. Dit blyk asof dit weer teruggestuur is na Kimberley en daar ontvang is op 29 Augustus 2011. Die applikant het nie

hiermee gehandel het in sy funderende stukke nie.

25. Die applikant het nie erken of ontken dat hy die geëiste bedrag of mindere bedrag aan die respondent verskuldig is nie. Sy verweer dat die beëindiging van die skuldberadingsproses in terme van artikel 86(10) nie regsgeldiglik gedoen is nie en dat daar nie voldoen is aan die Wet ten aansien van die artikel 129(1)-kennisgewing nie, word weerspreek deur die respondent, asook die aanhangsels tot die besonderhede van vordering in die aksie.

26. Die respondent was geregtig om kennis te gee van die beëindiging van die skuldberadingsproses, selfs al was dit nadat die aansoek in reeds by die landdros geloods is.[9] Die versending van die kennisgewings in terme van artikels 86(10) en 129 van die Wet per geregistreerde pos voldoende was ooreenkomstig artikel 65 van die Wet.[10] Die applikant se gedrag nadat die onderskeie dokumente gestuur is na sy gekose *domicilium*-adres en die dagvaarding daar beteken is, dui ook daarop dat hy inderdaad hierdie kennisgewings ontvang het. Na versending van die kennisgewing in terme van artikel 86(10) van die Wet op 1 Oktober 2010, is die eerste aansoek in die landdroshof Kuruman geloods in November 2010. Na versending van die kennisgewing in terme van artikel 129(1) van die Wet op 6 Julie 2011, het die applikant die respondent se prokureurs wat die kennisgewing uitgestuur het, gekontak. Na betekening van die dagvaarding het hy ook die respondent se prokureurs gekontak.

---

9 Collett v Firstrand Bank Ltd 2011(4) SA 508 (SCA); Wesbank v Martin 2012(3) SA 600 (WCC) op 605
10 Rossouw and Another v Firstrand Bank Ltd 2010(6) SA 439 (ECA) op 450C-D; Andrews v Nedbank Ltd 2012(3) SA 82 (ECG) op 84-85. Sien ook Sebola and another v Standard Bank of South Africa Ltd and another 2012(5) SA 142 (CC) wat gelewer is nadat hierdie kennisgewings uitgestuur is.

27. Die applikant versoek dat die respondent, in terme van artikel 130 van die Wet, verhoed word om met verdere regstappe teen hom voort te gaan en versoek dat die vonnis ter syde gestel word. Vonnis is reeds verleen in September 2011. Die vertraging in die afhandeling van hierdie aansoek is deur die respondent en/of sy regsverteenwoordigers veroorsaak, daar hulle nie gereed was om met die aansoek voort te gaan op 7 Desember 2012 nie en die repliserende eedsverklaring eers geliasseer is op 23 Januarie 2013, bykans 7 maande nadat die respondent se opponerende stukke geliasseer is. Die applikant het nie ‘n verweer openbaar ten aansien van die agterstallige bedrag nie.

28. Die applikant het nie ‘n bevredigende verduideliking gegee het vir sy versuim om die aansoek te loods binne 20 dae nadat hy van die vonnis bewus geraak het nie. Hy het nie aangetoon dat sy aansoek *bona fide* is nie. Die getuienis dui daarop dat dit juis gebring is om die volvoering van die respondent/eiser se saak te vertraag. Die applikant het ook nie ‘n *bona fide* verweer openbaar nie.

29. Wat die koste betref, voer die applikant aan dat hy toegestem het tot die jurisdiksie van die landdroshof, maar dat die respondent aksie ingestel het in die Hoë Hof wat die kostes aansienlik verhoog het. ‘n Eiser is geregtig om die forum te kies. Waar ‘n eis ingestel kon gewees het in ‘n goedkoper forum, kan koste op die skaal van die goedkoper forum verleen word.[11] Dit val egter binne die diskresie van die verhoorhof op welke skaal koste

11 Jeftha v Williams 1981 (3) SA 678 (C) op 685

toegestaan word.[12] Die waarde van die respondent/eiser se eis oorskry die jurisdiksie van die landdroshof. Die koste wat gepaard gegaan het met die verstekvonnis was minimaal. Die respondent het nie onredelik opgetree deur die aksie in die Hoë Hof in te stel nie en is geregtig op party en party kostes op Hoë Hof skaal.

30. Ek maak die volgende bevel:

**DIE AANSOEK OM KONDONASIE EN AANSOEK OM TERSYDESTELLING VAN DIE VONNIS ONDER SAAKNOMMER 1194/2012 WORD VAN DIE HAND GEWYS MET KOSTE.**

______________________________

**S L ERASMUS**
**WAARNEMENDE REGTER**
**NOORD-KAAPSE AFDELING**

| | |
|---|---|
| **Namens Appellant:** | Adv. L van NiekerHeerden i.o.v. Du Toit Prokureurs, Kimberley |
| **Namens Respondent:** | Adv. A.G. van Tonder i.o.v Van de Wall & Vennote, Kimberley |

12 Norwich Union Fire Insurance Society Ltd v Tutt 1960 (4) SA 851 (A) op 954